



Die lang reis is verby

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Matrikulante is volstoom aan die gang met hul eindeksamens, en leerders van ander grade is ook besig om vir rekenskap gereed te maak. Ons het mev Sanet van Wyk van die St Mary's Diocesan School for Girls in Pretoria (en predikantsvrou van Gemeente Montana-Oos) gevra om vir ons leerders 'n bemoedigende boodskap te bring.

Elke ouer en matrikulant sal seker die dag onthou, 12 jaar gelede, toe hulle die eerste keer by die laerskool ingestap het. Die jongelinge het maar heel snaaks gelyk, met skoolkleertjies wat baie groot was – jy moes nog daar ín groei. Met 'n splinternuwe tassie en kosblikkie en waterbotteltjie. Ma, Pa en Boetie of Sussie het probeer dapper lyk, maar was eintlik nogal diep gespanne. Hier kom 'n ding – TWAALF jaar op skool, dit gaan 'n ewigheid duur. Julle het gewonder hoe julle dit ooit gaan regkry.

Nou is die matriekafskeid vir almal verby. Die klein seuntjies en dogtertjies het jong here en dames geword. Hulle het gegroei tot pragtige jong volwassenes, wat gereed is om die lewe aan te pak. In 2007 reeds was onderwys in Suid-Afrika in die kollig met 'n matriekslaagsyfer van slegs 65%. Baie vrae is gevra en 'n donker prentjie is soms geskilder. Tog het die klas van 2019 die lang en moeilike reis aangepak en is dit nou tyd om die fase suksesvol af te sluit. Nou lê daar nog net 'n eindeksamen voor, dan swaai die deure van die toekoms wawyd oop vir elkeen!

Vir elke matrikulant wil ons vandag sê: Wanneer jy hierdie toekoms binnegaan, moet jy onthou dat geen twee mense dieselfde in die Here se oë is nie. En jy word ook nie gemeet teen ander mense by Hom nie. Die Here kyk nie so na ons nie. In sy oë is elkeen 'n unieke mens, gemaak met unieke gawes, om elkeen ons eie lewe voluit te lewe.

Die afgelope 12 jaar het elke matrikulant van 2019 al ernstig ontdek watter gawes hy of sy by die Here gekry het. Hulle het gesien of hulle die potensiaal het om Springbokrugby te speel, of nie. Hulle weet teen hierdie tyd of hulle 'n akademiese reus is, of nie. Hulle elkeen weet of hy of sy goed is met hul hande, of eerder van gereedskap af moet wegbly!

En so is 'n baie belangrike fase in elke matrikulant se lewe besig om verby te gaan. Maak daarom seker dat jou verhouding met die Here sterk is en dat jy vashou aan Hom in moeilike tye sodat die toekoms ook vol vreugde kan wees.

Jy gaan definitief foute maak in jou lewe. Dit gaan vir jou die kans gee om God se genade te ontdek. Hy vra nie dat jy volmaak sal wees nie. Hy vra dat jy weer sal opstaan in die lewe en die pad saam met Hom stap. Dis nie die foute wat ons maak wat ons lewens negatief beïnvloed nie. Dis die foute wat ons toelaat om ons vir altyd vas te bind, dat ons nie meer God se pad stap nie, wat maak dat ons die toets van die lewe dop.

Die gebed van elke ouer vir hul kind is sekerlik dat hul kind(ers) God se liefde sal ontvang. Dat hulle geleenthede sal kry om te leer of om goeie werk te kry. Geleenthede om lief te hê. Geleenthede om voluit te leef. Mag elke ouer en matrikulant in hierdie tyd getrou wees aan die Here, aan hul roeping en aan hulself.

Sanet van Wyk
Tesourier: NHSV Hoofbestuur



Ds Frans Ras



Ds Hennie Engelbrecht

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 November, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 31 Oktober: Ds QJ (Quinten) Schimper (Krugersdorp/Krugersdorp-Noord)
 - o Saterdag 2 November: Ds IM (Naas) Lombard (Suidoos-Witbank)
 - o Sondag 3 November: Di P (Petrus) Harmzen (Gerdau/Hartbeesfontein) en HA (Hennie) Retief (emeritus)
 - o Maandag 4 November: Di HN (Hennie) Botha (emeritus) en G (Gerhard) Viviers (Wolmaransstad)
 - o Woensdag 6 November: Ds WL (Wikus) van der Merwe (emeritus)
 - o Donderdag 7 November: Ds SA (Fanie) Beukes (Laeveld)

Gemeentes en bediening

- **Ds FH (Frans) Ras** van Windhoek het 'n beroep ontvang na Nigel.
- **Ds JH (Hennie) Engelbrecht** (studerend) het 'n beroep ontvang na Derdepoort (deeltyds).
- **Bydraes aan die Bybelgenootskap.** Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net 'n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetal. Kontak Anne-Marie Malan by malan@biblesociety.co.za of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.
- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Ds Willem Breytenbach sal aan die einde van die jaar met langverlof weg wees, en die volgende preekbeurt is dan beskikbaar:
 - o Sondag 15 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 18:30 (Kerssangdiens)
 - o Maandag 16 Desember: Sabie 09:00 (Geloftefeess)
 - o Sondag 22 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
 - o Woensdag 25 Desember (Kersdag): Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
 - o Sondag 29 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00

Die afstand tussen Sabie en Witrivier is 47 km. Predikante, dosente en teologiestudente wat in Sabie, Graskop, Hazyview of Witrivier vakansie hou, kan die gemeente kontak sodat verdere reëlings getref kan word. Preekbeurt plus vervoer vanaf vakansieverblyf sal vergoed word volgens vasgestelde tariewe.

Navrae: nhsabie@telkomsa.net of willembb@telkomsa.net
013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00

Vergaderings

- Donderdag 7 November: Direksie van OTMT

Kerklike publikasies

- **Lees in Die Hervormer van November/Desember 2019**
 - o Sing 'n nuwe Kerslied
 - o 'n Vergadering van die vroue, of nie?
 - o Die NHKA op pad na 2025
- Lees *Die Hervormer* volledig by <http://nhka.org/die-hervormer/>





- **Bybelse Dagboek / Almanak 2020**
- R185 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel nou by sentik@nhk.co.za
- Gemeentes word versoek om die besonderhede te verskaf van enige **emerituspredikante en/of predikanteweduwees** in hul geleedere, sodat hul komplimentêre eksemplare van die *Almanak* saam met die res van die gemeente se bestelling versend kan word. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za.



'n Gedig

Taalles

Die eerste rededele wat mens leer
vóór drie jaar oud is lewenslank genoeg
om die akuutste nood te formuleer
soos: *ek het honger ... hou van jou ... is moeg.*

Plots uit die soet ontmoeting weggeruk
het hulle 'n nuwe saamkomplek ontdek
om oor en oor, onnosel van geluk,
toereikend te verduidelik: jy en ek...

'n Maand daarna – want tyd bring raad – hanteer
hulle moeiteloos die diggeweefde sin,
die voegwoorde van kunstige verweer
soos: *daarenteen ... ondanks ... desnietemin...*

Elisabeth Eybers
(Uit: *Balans*, 1962)

Barmhartigheid

- **Bejaardesorgsondag: Spesiale deurkollekte 3 November.** Help so dat ons 'n bejaarde wie se pensioen opgeraak het, steeds kan versorg. Gemeentes kan inbetalings doen in die volgende rekening: Raad van Finansies; ABSA tjekrekening; rekeningnommer 020 000 287; takkode 632005; verwysing: 16BEJS + gemeentenaam.
- **Beurse en lenings vir 2020.** Die **NHSV** beskik oor beurse en lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Aansoekvorms kan afgelaai word van die NHSV webblad www.nhsv.org.za. Klik [hier](#) om die aansoekvorm af te laai. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2019**.



Ons Tuis-gastekamer

- **Ons Tuis (Riviera)** het enkel en dubbel **gastekamersuites** beskikbaar vir persone wat naby die hospitale moet wees of selfs waar Oupa en/of Ouma kan tuisgaan as die kinders met verlof is. Die enkelkamersuite sluit ontbyt in teen R350 per nag, en die dubbelkamersuite sluit ontbyt in teen R550 per nag.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Allegaatjie

“Ons lees koerante op slimfone om op koers met nuusgebeure te bly; ons ontvang e-posse op ons Apple-horlosies; ons bevriend en gesels met onbekendes op sosiale media en volg vriende met mening om tred te hou met hul doen en late. Maar dan tog, met al die hipermoderne tegnologie, word belangrike e-posse, teks- en WhatsApp-boodskappe in die werksplek of sosiaal net geïgnoreer. Dit het byna 'n algemene tendens geword, en die verskoning is gewoonlik dat daar nie genoeg tyd in die dag is om alles gedaan te kry nie. Ek dink dat in hierdie hele tegnologiese proses iets van menswees verlore gegaan het. Wat het van etiket geword? Gee mense nie meer om hoe hulle optree nie? Is dit nie bloot goeie maniere om op boodskappe, van watter aard ook al, te reageer nie? Wat het van ons samelewing geword as hierdie soort gedrag heel aanvaarbaar is?” (Merlyn van der Rheede, LitNet-mening, 23 Oktober 2019)

Studentesake

- **Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2020**
Dinsdag 7 – Vrydag 10 Januarie 2020
Vertrek Dinsdag 7 Januarie om 13:00 vanaf Silwerstraat 19
Venterskroon-kampsterrein
Koste R990
Besook www.studentegemeente.com vir inskrywingsvorm

www.facebook.com/PotchStudente

Navrae dr Rudy Denton 082 459 9710

Terzie Denton 082 475 4618

Wilbrie Hartman 072 655 4282

Fondsinsamelings

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria: Nommer 13-toer**
Donderdag 31 Oktober om 19:00
R200 per persoon (ete en 1 vatbier ingesluit)
Met Danie Gerber en John van Rensburg
Musiek deur Gary Forwood
Grizzlies-rugbyklub, Ds Krigelaan, Daspoort
Kaartjies: Johanna Scholtz 060 577 6458
Stephen de Beer 060 577 6472
(Ons gesels rugby met oud-Springbok Danie Gerber
oor die Wêreldbeker-eindstryd van Saterdag 2 November)

Basaars en markte

- **Gemeente Silverton: Basaar**
Saterdag 2 November vanaf 08:00 en solank voorraad hou
By kerksaal, hv Fakkels- en Presidentstraat, Silverton
Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies
Pannekoek, nagereg, koek
Dansers, vermaak vir oud en jonk en baie meer
Staanplek vir stalletjies beskikbaar teen R200
Geen kosstalletjies van buite gemeente toegelaat
Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
Hannie Knoll 079 603 6555
- **Gemeente Noordwestelike Pretoria: Karnaval en Varkmark**
Saterdag 2 November
hv Van Riebeeck- en Ferdinandstraat, Daspoort
Pap-en-kaiings, Eisbein, *gammon*, vetkoek-met-maalvleis
Ons eie 100% vleis *topside* wors, *topside* maaltvleis
Pannekoek, poeding, koektafel
Tombola, teetuin, boeresport, babakompetisie
Skopbokstoernooi en rugbyfinaal op 'n groot skerm in die saal
Toegang R10 per persoon
Kontak Johanna Scholtz by 060 577 6458
- **Gemeente Drie Riviere: Kersmark**
Saterdag 23 November 09:00-15:00
hv Bashee- en Wilgestraat
Geskenke, teetuin, kindervermaak en meer
Bespreek 'n stalletjie
Kontak ds Hennie Louw by 084 508 7849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Gee my vandag, o Vader, 'n verstand wat werklik kan leer.
Gee my 'n oplettende verstand
sodat ek heelyd kan konsentreer
op wat ek hoor en doen;
'n goeie geheue sodat ek niks vergeet nie,
maar dinge snap en onthou;
'n oop gemoed sodat geen vooroordeel my
vir die waarheid kan verblind nie;
'n gretige verstand sodat ek nie selftevrede raak nie,
maar elke dag iets by my kennis,
my vaardigheid en my goedheid sal voeg.
Ek vra dit in Jesus se Naam.
Amen.

William Barclay

(Uit: *Prayers for young people*, 1963;
Gebede vir jongmense, 1979)